Bosveld Jagters- en wildbewaringsvereniging Letaba Tak

Ge-akrediteer deur SAPD Akkreditasie nommer 1300084
Posbus 1989, Tzaneen, 0850 Tel: 071 8714 710 Faks: (086) 5549798
E-pos: letaba@bosveldjagters.co.za Web adres: www.bosveldjagters.co.za

# Notule van die BJV Letaba Ledevergadering gehou op 2 September 2010 om 18:00 te BJV Letaba Klubhuis Tzaneen

**1. Opening en verwelkoming**:

Hansie Botha verwelkom almal teenwoordig en open met gebed.

**2. Doelstellings:**

Casper Kasselman lees die doelstellings voor.

**3. Lief en Leed:**

Geen

**Teenwoordig:**

**Bestuur:**

| | | |
|---|---|---|
| Hansie Botha | Chris de Wet | Rob du Plessis |
| Chris Venter | Belinda Badenhorst | Johnny Rech |
| Andre le Grange | Alwin Fleischmann | Wallie van Dyk |
| Walt Katzke | Ivy Iveson | Wynand de Jager |

**Lede:**

| | | |
|---|---|---|
| CC Steyn | Kobus Winterbach | Cor Olivier |
| H Botes | Casper Kasselman | M Barnard |
| SM Erasmus | Tinus Erasmus | A du Plooy |
| Jonann de Beer | | |

**4. Verskonings:**

| | | |
|---|---|---|
| Dawie Botes | Karl Osmers | Johan Ehlers |
| Schalk Robinson | Phillip Robinson | Dawie van Vuuren |
| Wallie van Dyk | Stephan Fourie | Abel Botha |
| Walt Katzke | Carel Buitendag | |

Voorsitter (Hansie Botha) Tel: 083-290 0738 Ondervoorsitter Admin (Schalk Robbinson) Tel: 083-700 4885
Sekretaris (Giam Fourie): Tel: 079-509 1071 Ondervoorsitter Opleiding (Walt Katzke) Tel: 082-872 5530
Tesourier (Rob du Plessis) : Tel: 082-856 6000 Sekretaresse : Belinda Badenhorst Tel: 071 8714 710

**5. Vorige notule:**

Regstelling van vorige notule. Punt 21.7 – Toestemming word verleen vir die ondersoek van die huis op die perseel sodat dit maandeliks verhuur kan word vir ‘n ekstra inkomste.

Die vorige notule word aanvaar. Dawie van Vuuren as voorsteller en deur Chris de Wet gesekondeer.

**6. Sake voortspruitend uit die vorige notule**:

Soos onder verskillende afdelings by Notule ingewerk.

**7. Finansies & Administrasie:**

| | | |
|---|---|---|
| Spaarrekening Saldo: (Kroeg) | R | 2 942.02 |
| BJV Spaar Rekening: (Aanvraag) | R | 10 679.85 |
| BJV Tjekrekening: | R | 95 000.00 |
| BJV Kleinkas | R | 500.00 |
| Kontant op Hand (Rob) | R | |

Rob du Plessis gee terugvoer oor die jaar se finansies. Die algemene begroting se uitgawes het die inkomste met R52 000.00 oorskry. Die geld is egter goed gebruik en bele.

Ledegelde sal vanaf 1 September 2010 as volg opgaan: Gesin na R800pj, Senior na R550pj, Juniors bly R150pj.
Nie-lede en Nie opbetaalde lede na R60 per persoon vir gebruik van die skietbaan.

Hansie Botha vra weer kwotasies van verskillende versekeringsmakelaars vir die skietbaan en klubhuis se versekering.

**8. Nuwe Lede & Toegewyde Status:**

**8.1 Nuwe Aansoeke:**

6453 AJ Venter (Andre) Goedgekeur

**8.2 Toegewyde Jagterstatus**:

Geen

**8.3 Dienssertifikate.**

**8.3.1** A Greeff se 20 jarige dienssertifikaat sal geraam by die wildsete aan hom oorhandig word.

**8.3.2** 10 Jaar sertifikate sal ook met die wildsete aan lede oorhandig word. Hansie Botha sal sms aan lede uitstuur.

**8.3.4** 27 Novermber 2010 in Pietersburg vir die oorhandiging van die Trofeemeting.

**9. Klubhuis & Skietbaan gronde:**

**9.1. Arbeid**

**9.2. Klubhuis:**

**9.2.1** Lede en kwotasies word aangevra vir die installeering van die geyser.

**9.2.2** Kobus Winterbach sal die insette in verband met die herstel van die pad met Phillip Vorster bespreek na die aankoop van die skietbaangronde.

**9.3 Skietbaan**

**9.3.1** Hansie Botha begin volgende week met die oprig van die gestremde toeganklikheid van die skietbaan. Walt Katzke word bedank vir die pale vir die 2de hek. Die afstandbeheerde hoofhek sal volgende week geinstalleer word tesame met die plaveisel en die sement vir die pad.

**9.3.2** Hansie Botha versoek hulp met die opstel van die skietbaanreels.

**9.3.3** Ivy Iveson word bedank vir die pale en planke en die skietbaan is gelyk gemaak.

**9.3.4** Die uitleg van die voorgestelde nuwe skietbaan word aan lede voorgele vir insette. Die planne en insette kan op die web onder Letaba Skietbaan bestudeer word.

‘n Voorstel is gemaak om die draad aan die weste kant te verskuif tot teen die pad.

Die veiligheidsarea agter die skietbaan behoort nie aan die BJV nie en die 100m punt se wal moet 8m hoog wees. Die eienaar van die plaas moet ook ingelig word oor die veiligheidsrisiko van ‘n laer wal.

**9.3.5** Hansie Botha sal ‘n kassie vir die BJV aktiwiteitsregister by die skietbaan oprig.

**9.4 Kroeg**

**9.4.1** Kroegkommitee moet ‘n kroegvergadering bele.

**10. Skietdae**

**10.1** Die volgende reelings moet getref word vir die kleiduifskiet wat plaas vind op 18 September 2010 by die skietbaan.

* Johnny Rech vir die opstel van die baan.

**10.2** Johnny Rech versoek deelnemers vir die Ghongskiet Kompetisie wat die 11de September 2010 te Delmas plaasvind. Belangstellende lede kan Alwin Fleischmann kontak by 076 8300 698.

**10.3** Groeperingskietdag vergadering vind plaas **Donderdag 16 September 2010** om **18:00** by die **klubhuis.**

**10.3.1** Chris de Wet versoek lede vir hulle dringende aandag aan die borge asook nuwe borge.

**10.3.2** Chris de Wet sal Aubrey Engelbrecht skakel en hoor of hy die meting var die groepering kan doen.

**10.3.3** Potjiekos sal hierdie jaar teen R20.00 ‘n bord verkoop word.

**10.3.4** Algehele wenner sal ‘n kontantprys asook ‘n trofee wen.

**10.3.5** Teiken te korte vir die jaar moet asb dringend by Belinda ingehandig word sodat sy weer kan bestel.

**10.3.6** Hansie Botha versoek ‘n lys van verantwoordelikhede vanaf Chris de Wet.

**10.4** Riglyne vir afslag vir aktiewe bestuurslede:

* ‘n Lys moet opgetrek word van minimum vereistes vir korting op skietdae om te kwalifiseer.
* Ja vir Honoraruim vir projekbestuurders.
* Nee vir Bestuurslede se afslag op ledegelde.
* Ja vir afslag vir hulp op spesifieke skietdae.
* Aktiewe Bestuurslede wat regtig betrokke is betaal net R300 oordrag aan Hoofkantoor ipv hul volle ledegelde.

**10.5** Om te kwalifiseer vir die Chasa Sportskiet 6 dissiplines moet die lid die Chasa Skietdissipline kursus doen. Hansie Botha sal ‘n 1 dag kursus reel vir lede binne die volgende 6 weke.

**10.6 Algemene Jaarvergadering en Trofeemeting – 9 Oktober 2010**

**10.6.1** Kennisgewings sal aan lede uitgestuur word.
**10.6.2** Borgvorms sal op die web beskikbaar gestel word.
**10.6.3** Alle lede **<u>moet</u>** opbetaalde lede wees om te kwalifiseer vir die kompetisie.
**10.6.4** Inskrywingsfooi vir die Trofeemeeting sal R50.00per persoon beloop.

**11. Opleiding:**

**11.1** Die tweede Junior kursus is uitgestel as gevolg van die Bek en Klouseer epidemie tot verdere kennisgewing.

**11.2** ‘n Databasis van beskikbare Juniors moet saamgestel word om junior lede meer betrokke te maak by BJV Aktiwiteite.

**11.3** Belangstellende lede vir die Trofee Meetkursus kan by Belinda ingedien word. Wallie van Dyk sal met NW praat oor die vereistes vir die opleidingsbeampte en sal moontlik die kursus aanbied.

**12. Kleiduif:**

**12.1** Volgende byeenkoms vind plaas op 18 September 2010.

**13. Boogjag:**

**3.2** Gys en Ulie stel trofeetjies voor vir die jong boogskieters. Hansie, Gys en Ulie sal die skole boogjag en die uitleg van die baan bespreek.

**14. Handwapenjag:**

Geen

**15. Buskruit:**

Geen

**16. Windbuks:**

Alwin Fleischmann sal nog ‘n datum bepaal vir die Wolkberg Akademie vir windbuks opleiding.

**17. Jaggeleenthede:**

Heinrich Pohl op Web vir lede se aandag.

**18. Redaktrise / publikasies / pers**

Geen

**19. Wildsete**

Die jaarlikse wildete vind plaas op **Saterdag 13 Novemer 2010**.

Hans Merensky Hoerskool is voorgestel as ‘n Venue.
BJV sal ‘n kontantkroeg doen.
Willie sal as DJ optree.
Kaartjies sal verkoop word teen R150per persoon.

**20. Uitvoerende vergadering**

**21. Fondsinsamelings**

**21.1** Lede kan nuwe borge se name by Chris de Wet inhandig.

**21.2** Die eerste 8 advertensieborde sal voor die groeperingskietdag opgesit wees.

**22. Algemeen:**

**22.1** Terugvoer sal gegee word ivm die Chasa hofsaak**.**

**22.2** Die BJV Letaba kluis is aangekoop vir ‘n bedrag van R5 000.00.

**23. Vuurwapenbevoeghtheid**

Hofsaak is uitgestel tot verdere kennisgewing.

**24. Vastelling en byvoegings tot die agenda:**

Geen

Die volgende Ledevergadering sal plaasvind op **Donderdag 7 Oktober 2010** om **18:00** by die **Klubhuis.**